GROEIGROEP MATERIAAL

Toekomsvenster

Leef uit God se Woord

Opening

Daar is sekere ongewilde onderwerpe uit die Woord waarvan ons nie altyd hou om oor te gesels nie. Watter onderwerpe in die Bybel maak jou ongemaklik en hoekom?

_____

_____

Inleiding

Daar is baie godsdienste in die wêreld waaroor mense baie passievol is. Wat dink julle maak ons anders as ander godsdienste om ons?

_____

_____

INHOUD & GESPREK

As ons die Bybel oopmaak en lees dan lees ons van `n heel anderse God. Die een waarvan ons lees is een wat Hom kom openbaar het aan die mense in konteks van `n verhouding. Van die begin af was daar `n andersoortige waarde vir hierdie verhouding in vergelyking met al die ander afgodery. Hierdie andersoortigheid het gele in die volgende:

- God wat praat/openbaar(bekend maak) en ons wat luister (Ontvang)
- Ons wat antwoord en God wat luister (ontvang).

Hoe beleef jy hierdie andersoortigheid van God in terme van jou ervaring, kennis en verhouding met God?

_____

_____

KOM ONS LEES

In Sondag se erediens het ons na Daniel gekyk. Iemand wat op `n besondere manier hierdie persoonlike verhouding met God kom demonstreer het. Voordat julle die gedeelte oor Daniel lees, deel eers met mekaar wat vir julle uitstaan van die Daniel verhaal soos jy hom ken of onthou._____

Lees nou **Daniel 9:3-14**

In hierdie gedeelte word melding gemaak van `n paar merkers in hoe Daniel met sy verhouding met God omgegaan het. Ons weet dat Daniel gebed baie belangrik geag het en dat hy 3 keer `n dag tyd gemaak het daarvoor. Kan julle die volgende in die gedeelte identifiseer en wat beteken dit vir jou?

- Hoe het Daniel toegelaat dat God dalk eerste met hom praat voordat hy met God begin praat het?
- Dink julle God staan partykeer terug en wag tot ons die regte ding doen voordat Hy ons gebede beantwoord? Het jy dalk al so iets beleef? (Hosea 5:15-6:1)
- Hoe het Daniel met al sy emosies na God gegaan?
- Hoe belangrik was berou deel van die proses?

Die Here praat dikwels met ons eers nadat ons geluister het na Hom sodat ons sy hart kan verstaan. Maar een uitnodiging staan regdeur die Woord uit en dit is dat God ons uitnooi om tot Hom te nader. God wil ons naby Hom hê sodat die verhouding tussen my en Hom daar kan wees.

Die volgende tekste kan dalk help om hierdie te verstaan: Amos 5:4, Spreuke 8:17, Jeremia 19:13 en Hebreërs 11:6

Hier is `n ope vraag vir elkeen: Hoeveel van die goed waarmee ons stoei kan gevind word as ons, ons tot God nader?

Riglyne vir die praktyk

As groep gesels met mekaar oor die volgende vrae en wees krities eerlik met mekaar. Hierdeur kan julle mekaar regtig help om ook in gebed te groei?

- Hoe belangrik is gebed vir jou en wat is jou fokus wanneer jy bid?
- Glo jy dat God juis wil hê dat jy in gebed tot Hom moet nader?
- Hoe eerlik kan jy regtig met God in gebed wees?
- Deel met mekaar hoe julle dit in praktyk regkry of aan kan werk
- As jy sukkel om te bid wat dink jy dra by tot dit?

Slot

Reflekteer en sluit af met gebed.